

31 Mei

Skrifgedeelte: Lukas 12:16-21

Fokusgedeelte: Lukas 12:21 (NAV)

Die ryk dwaas

Ons Here waarsku sy volgelinge teen die twee magtigste versoekings van Satan: valse godsdiens en gierigheid. Die een wil geestelik, die ander fisies vernietig. Tog mond hulle in mekaar uit, want geldsug word nooit bevredig nie. Dit word ook 'n valse godsdiens. En die Skrif maak deurgaans duidelik: valse leraars doen wat hulle doen vir geld. Kyk ook 16:14.

Rykdom is nie sonde nie – Abraham, Job, Salomo, Josef van Arimatea ... Dit hang af hoe jy daarvoor voel. Lukas beklemtoon swaar (ook in hoofstuk 9; 15:17; 21:4) dat selfs oorvloed nie ware lewe verseker nie. Dit verheerlik dalk *bios*, gewone bestaan, ja, maar dra nie by tot die bevrediging, die vrede en hoop van *zoe*, die dieper, eintlike, ewige lewe nie. Met rykdom kan skepsel óf Skepper aanbid word!

Dié man is oorvloediglik geseën. Maar hoor hoe voel hy daarvoor. Dis net “Ek, ek, ek ... My, my, my ...” G'n “ek en my vrou”, of “ek en” wie ook al anders nie. Só praat 'n materialis. Hy leef in enkelvoud. In die proses vergeet hy drie dinge: God, ander mense, en sy eie siel. Hy hoor: “Jou dwaas! Vandag nog ...” Jy vat nie 'n krieseltjie saam nie.

Ons leef in 'n tyd van die grootste oorvloed ooit. Die ryk dwaas se ideaal floreer: eet, drink, lekker leef. Laat ons bedag bly op die versoeking van Satan. Laat ons God se tydelike lewensgawes gebruik om Hom te verheerlik, ook ons naaste te help en so sy Koninkryk te soek. Uit dank vir sy grootste gawe: Christus vir ons en die Heilige Gees aan jou.

Sing: Psalm 62:7, 8

Ds. CJ Nagel (Messina)